
Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie

# Suikerbosrand Suikerbekkie

S.A.W.A.
S.A.C.A.




SPRINGS
PETS & BIRD PARK
011 811 2666

Accessories
- Pet food & Kennels
- Cat Litter
- Pet Toys & Accessories
- Fish Tanks & Accessories
- Reptile Tanks &
- Accessories

Pets
- Dogs
- Cats
- Assortments of Birds & Fish
- Reptiles
- Rats & Mice

Gert Wolmarans
082 374 8797
47 Geduld Road.
Next to Paul Kruger Highway, Geduld Ext. Springs

van Breda MOTORCYCLES
New & Pre-owned motorcycles

SUZUKI Way of Life!

BIG BOY
PIT BIKES • COMMUTERS • ATVs


Virgie Lavos
61/63 2nd Street, P.O. Box 701, Springs, 1560
Tel: 011 815 6726/7/8/9 Fax: 011 362 3773
A/H: 011 813 2734 Cell: 082 557 7095
vanbreda@netactive.co.za

# November 2023

INHOUDSOPGAWE


Oordenking…………………….………….1-5
Uit die Voorsitter se pen…………………..6-7
Redaksie…………………………………......8
Seniorburger blad ………….....…………...9
Bestuursinligting……………………….10-11
Voogdelys………...……………….……......12
Lief en leed……………………..….…..……13
Kampnuus Hartenbos Oktober ….....……14-17
Kampnuus Bloekompoort Oktober…...…18-26
Kampnuus Bloekompoort November…...27-49
Verjaarsdae & Huweliksherdenkings…...50-51
Tiener verjaardag.........................................52
Brag Blad……………......…………………53
Jeug Brag Blad.........................................54-55
Jeug vermaak……………….………………56
Kampresep………...………….................57-58
Uit die natuur……………………...…....59-61
Smoushoekie……………………….…..……62
Jaarprogram………...……………....….…..63


Jaargang 50 Nr. 1




# Oordenking

**Ds Andrè van den Berg**

## *KERSBOODSKAP REEDS IN OU TESTAMENT*

***"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart; om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis"* - Jes.61:1**

*Kersfees is anders as die res van die Christelike feesdae omdat dit net van vreugde spreek. Tydens Lydenstyd raak ons bedroef as ons aan Jesus se lyding dink, maar Kersfees is louter vreugde! 'n Mens sou graag van die Kersfees-gees in flesse wou opvang en elke maand een daarvan oopmaak. Dit sou ons van neerslagtigheid bevry.*

*Dis goed om tydens Kersfees opgewonde soos 'n kind te wees, want ons Verlosser het immers as kind na die aarde gekom. Kersfees moet egter in 'n mens se hart wees. Wie dit nie in sy hart het nie, soek tevergeefs daarna onder 'n kersboom in geskenkpapier toegedraai. Kersfees is 'n hartsaak.*

*Dis 'n tyd van die jaar wat 'n mens nie alleen wil deurbring nie. Hoe vreeslik om 'n kaggelvuur in jou hart te hê, maar niemand om langs jou te sit nie! Die hartseerste is egter wanneer mense slegs die opwinding van 'n Kersfees wil beleef, maar geen begeerte het om die Vredevors, die Een waaroor Kersfees eintlik gaan, as Verlosser en Saligmaker wil aanvaar nie!*

*Daar is geen Persoon na wie se koms so uitgesien is as Jesus s'n nie. Die Jode het eeue lank die koms van die Messias verwag omdat dit deur profete voorspel is. Hierdie verwagte koms van die Messias was 'n ernstige geloofsaak omdat dit alles met hul ewige eindbestemming te doen gehad het.*

*Gestel jy moet by 'n sekere bestemming uitkom, maar die pad daarheen is so bitter moeilik dat min by daardie eindbestemming uitkom. Maar dan hoor jy van 'n ander pad wat gemaak is; dis nuut, korter en baie makliker begaanbaar en almal wat dit enduit volg, bereik hul eindbestemming. Sal jy nie van koers verander nie? Beslis en met groot dankbaarheid!*

*Dis wat Jesus vir die Jode en daarna vir alle gelowiges (geestelike Israel) kom doen het. "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Gal.3:29). Jesus het 'n nuwe pad na die hemel kom aandui.*

*Die Jode het baie moeilik in die hemel gekom. Hulle moes twee dinge doen; die Wet onderhou en glo dat die Messias sou kom. Die onderhouding van die Wet was feitlik onmoontlik, sodat min die hemel beërwe het.*

*Die vooruit gesiene geloof in die koms van die Messias was so 'n werklikheid dat hulle tydens elke Joodse fees 'n ekstra plek aan die feestafel gedek het, ingeval die Messias by hul opdaag. Die oop stoel en gedekte plek aan die tafel het van 'n lewende verwagting getuig: Die Messias kom voorwaar!*

*As 'n geluk 'n mens tref, wil jy dit graag met mense deel. Toe Jesus die nag in Betlehem gebore is, het God gesorg dat mense dit weet en begin op 'n plek waar dit die minste verwag is – by 'n weiveld waar herders oor skape wag gehou het.*

*As ons aan herders dink, het ons altyd 'n positiewe beeld van hierdie eeu-oue beroep. Ons dink aan Ps.23: "Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie" asook Joh.10:11: "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape" Beide spreek van deernis jeens skape (sondaars).*



*In Jesus se tyd het herders nie altyd 'n goeie naam gehad nie. Dit was eintlik 'n veragtelike beroep. Sommige was opperste skurke wat nêrens werk kon kry nie. Hulle was oneerlik en het openlik mense verkul. Sommige het selfs van hul werkgewers se skape verkoop, die geld in hul sak gesteek en vir die eienaars vertel dat 'n roofdier die skape gevang het. Daarom is Jode verbied om by herders vlies, wol of melk te koop.*

*Herders het so 'n slegte naam gehad dat hulle getuienis nie in die Joodse Raad aanvaar is nie. Hulle is met dieselfde minagting as tollenaars behandel; voëls van eenderse vere. Hulle was die uitvaagsels van die samelewing met wie geen ordentlike mens hom opgehou het nie.*

*Gevolglik het God 'n ongewone ding gedoen toe Hy die engele na die herders in Betlehem gestuur het met die tyding dat die langverwagte Messias gekom het. Hy kon die engele net sowel na die dominee van Betlehem of na een van sy Kerkraadslede of watter ander verdienstelike groep gestuur het. Desondanks stuur Hy hulle na 'n veragtelike groep wat nie eens as mense-getuies geag is nie om van hemelse dinge te getuig - die grootste gebeurtenis in menseheugenis!*

*God kon sy engele na die heilige tempel-sale toe gestuur het. Dit sou meer gepas wees en die boodskap van die koms van die Messias duideliker verstaan en vinniger versprei word. God doen dit egter nie, maar stuur sy engele na die landbousektor waar veragtes daar werksaam was. Waarom doen God dit? Om die Kersboodskap te benadruk – Jesus vereenselwig Hom met sondaars.*

*In Luk.19:10 word die doel van die koms van die Messias duidelik uitgespel: Hy het **gekom**, **gesoek** en **gered**. Jesus sê by geleentheid dat gesonde mense die dokter nie nodig het nie, maar siekes. En dis presies wat Hy in Jesus kom doen het; om sondaars van hul sonde bevry. Ek wonder hoeveel mense weet dit? Kersfees word tog so maklik in ydelheid deurgebring sonder dat mense weet waaroor dit gaan. Jesus het die lint gesny en nuwe pad na die hemel kom open!*

*In ons gelese gedeelte is Jesus 750 jaar voor sy geboorte aan die woord: "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My*

*gestuur om te verbind die gebrokenes van hart; om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis" Dis die Kersboodskap in die OT!*

*Jesus praat hier van ootmoediges. Dis mense sonder aansien en die onderlaag van die samelewing - die vaal mannetjies en vroutjies van die lewe. Hierdie onderlaag was dikwels die vloermat van die bolaag van die samelewing waarop getrap is. Hulle kon nie op mense-hulp staatmaak nie; slegs God kon vir hulle uitkoms bring.*

*Dis hoe dit met die skaapwagters met Jesus se geboorte was. Daarom was dit vir ootmoediges wonderlik toe Jesus tydens sy aardse bediening by tollenaars en sondaars (kerklos-mense) geëet het. Hy is deur die kerklui van sy tyd as 'n besondere Rabbi geag. Daarom het hulle niks daarvan gehou dat Hy Hom met die onderlaag van die samelewing ophou nie.*

*Wanneer die engel aan die herders verskyn, praat hy spesifiek met hulle en nie met die kerklui of enige anderse Joodse groep nie. "Moenie vrees nie, ek bring vir julle 'n goeie tyding ". Dit kom tot die veragtes van die samelewing. God het iets vir hulle te sê: "dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker, wat Christus die Here is" Daar het redding vir die vodde van die huis van Dawid gekom!*

*God is lief vir ootmoediges. Die Bybel vertel aangrypende verhale van 'n onderlaag wat geestelik uitgestyg en in die kerk leiding geneem het. Die steen wat die bouers verwerp het, word so dikwels 'n hoeksteen. Die meeste van Jesus se dissipels was eenvoudige vissermanne.*

*Die herders van weleer het agter in die ry gestaan en in die vergetelheid van veragting weggesink. God het hulle agter uit die ry gaan haal en na vore gebring om die eerste getuies van Jesus se koms te wees. Wat eerste is, sal laaste wees en wat laaste is, eerste!*

*God gebruik vandag nog dikwels mense wat nie geleerdheid, geld, aansien of wat ook al het nie, om kragtige getuies in sy diens te wees, selfs mense in groot beproewing. Koningskinders hoef geen akademiese sertifikate, aansien of stoflike welvaart te hê nie; slegs een kwalifikasie – hulle harte moet in die bloed van Christus gewas wees sodat hulle vry is en nie meer gevangenes van die Satan nie.*



*"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart; om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis" .*

*Dek hierdie Kersfees opnuut vir Jesus plek in jou hart en laat Hom jou belangrikste Kersfees gas wees!*

*(Bron: https://www.gelofteland.org)*





## Uit die Voorsitter se pen

Dagsê mede Suikerbosranders, ek hoop dit gaan goed met almal en so ook in goeie gesondheid, daar was van ons lede wat wel bietjie siek was en ook ‘n draai in die hospitaal moes gaan maak het, ek is baie bly dit gaan al baie beter met almal, Ilze Mari Erasmus is wel tans in die hospitaal en moes ‘n operasie op haar been gekry het, dit is in 5 plekke gebreek, ons dink en bid vir jou, jy moet gou gesond word, daar was ook van ons wat geliefdes aan die dood afgestaan het, ons gebede is met elkeen van julle en dat ons Hemelse Vader die nodige vertroosting vir julle sal gee.

Daar was ook lief in ons midde, lede wat oupa en ouma geword het, klein kinders wat so goed presteer het op skool in akademie so ook baie goed gedoen het in buitemuurse aktiwiteite, hou so aan ons is baie trots op julle.

Vriende ons het al ‘n paar kampe gedoen vanaf my laaste skrywe, die afgelope paar kampe was maar min ge-ondersteun maar daar was baie lekker saamgekuier, natuurlik ons afsluitings kamp was weereens ‘n groot treffer, dankie aan Johnny en sy span vir ‘n baie lekker en aangename kamp, heeltemal ‘n ander tipe tema maar dit was in ‘n goeie gees gedoen en almal het dit geniet, die Sondag se Erediens het nog in die naweek se tema geval en verbasend het die mense van die boodskap gehou.

Ons volgende jaar se kampe is alreeds in plek en bespreek, ek hoop dat 2024 ‘n beter kamp jaar vir ons gaan wees.

Die 2024 se Gebiedsaamtrek gaan in Februarie plaasvind en dit gaan by Sionbergh gehou word, dit beloof om ‘n naweek vol pret te wees.
Ons volgende kamp is die Januarie kamp, natuurlik is dit daardie tyd van die jaar waar daar ‘n nuwe Burgemeesters paar verkies word, kom ondersteun die kamp en kom ons kuier lekker saam soos



Suikerbosranders altyd doen. Die Januarie kamp is geskuif vanaf 19-21 tot 26-28 Januarie 2024.

Vriende as daar van julle is wat op vakansie gaan of net vir familie gaan kuier oor hierdie feestyd, julle moet veilig ry, wees maar ekstra versigtig op die paaie, julle weet almal is maar haastig om by hulle bestemming te kom dis hoekom dit die “Silly Season” genoem word.

Namens myself en Jackie wil ek vir almal ‘n baie geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar toewens en dat dit sal goed gaan met almal, hoop die kinders bederf julle baie, nou is dit anders, die kinders moet ons bederf nie ons vir die kinders nie.
Al ons dank en Eer gaan aan ons Hemelse Vader dat Hy ons behoed en bewaar het en veilig gehou het deur die afgelope jaar.

Tot volgende saamtrek.

Veilig bly en veilig sleep.

Virgie





## Redaksie

Liewe Vriende

Kan mens glo die jaar is alweer verby. Wat ‘n jaar weer vol hoogtepunte en laagte punte. Maar weereens dankie aan elkeen vir die bydraes gelewer om opgeneem te word in die Suikerbekkie was dit nie vir ieder en elke van julle nie het ons nie so mooi Suikerbekkie kon uitgee nie. Moet asseblief nie ophou om foto’s en stories of resepte vir my te stuur wat ek in die Suikerbekkie kan gebruik nie. Geluk ook aan elke jongmens wat goed presteer het die jaar in akademie en sport. Julle maak ons baie trots.

Ek wil ook net vir elkeen ‘n geseënde Christus fees toewens en ‘n voorspoedige 2024.

Groete
Margaret







## Seniorburger Blad

### Briefie Senior Burger kamp 20 – 24 November 2023 te Bloekompoort

En so kom ons aan nog ‘n einde van die jaar afsluiting. Dries en Martie begin van Dinsdag 21 November kamp, wil die langste en meeste uit die week maak. Eers was Martie benoud want soos die dag vorder het sy agter gekom hulle staan alleen en kon hulle baie lekker rus. Woensdag het oom Phillip en Ans ingetrek en toe begin die kamp lewe, want kyk Ans was so opgewonde om weer te kamp. Hulle het lekker gekuier, gelag, die jaar se nuus ingehaal en heerlik geëet. Later het Pieter en Bettie en Dāniel en Paula ook gearriveer en die groepie was voltallig. Bettie en Paula was grieperig en het besluit om in die vars opelug te kom aansterk. Pieter het ‘n klein ongelukkie gehad en sy eie stukkie grond gekoop, jammer om dit te hoor. Hoop jy is gou beter.
Die Seniorburgers weet hoe om te kuier, genoeg te eet, genoeg te drink. Die Potgieters arriveer Vrydag, skrop nes en sluit by die Seniors aan om lekker verder saam te kuier, te eet en te drink onder die groot koelte bome. Daar word lekker gelag en ge”oe” en ge”aggenee” vir al Dāniel en Dries se stories oor kos en drank, ja nee Ans ek voel ook nog ‘n naar kol op my maag!

Weereens was ons kampkommandante Dries en Martie op hul pos en die week mooi na almal om gesien. Baie dankie vir julle twee se gasvryheid en moeite om dit altyd lekker te maak. Dit is net jammer dat ons kamp-tyd net te kort is.

Groete tot die volgende kamp.

Jooste en Elize



# Bestuursinligting

**Streeksvoorsitter**
**Virgie Lavos**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
011 363 3773 (F)
082 557 7095 (S)
virgie@tiscali.co.za

**Sekretaris**
**Jackie Lavos**




Posbus 13160
**Geduld**, 1562
011 813 2734 (H)
083 448 5831 (S))
lavosjackie@gmail.com

**Ondervoorsitter**
**Johnny Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
084 580 8729 (S)
john.randall@absamail.co.za

**Redaksie**
**Margaret Randall**



Liebenberg Straat 22
**Heidelberg** 1441
072 766 7025 (S)
mags.randall@yahoo.com



# Bestuursinligting

**Voorraad**
**Jooste Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
078 877 6658 (S)
potgieterjooste@hotmail.com

**Penningmeester**
**Elize Potgieter**



Eagle Straat 173
Montanapark
**Pretoria**
083 417 3820 (S)
elizepotgieter@webmail.org.za

# Voogdelys

**Virgie en Jackie Lavos**

Anton en Elna Botes
Hennie en Loret Oosthuyzen
Ilona Dreyer
Bertie en Wilma Herbst
Div en Madelein De Villiers
Rui en Annette Cajada
Dries en Martie Brandt

**Jooste en Elize Potgieter**

Elize van Heerden
Philip en Hettie Horn
Dániel en Paula van Deventer
Phillip en Ans Opperman
Pieter en Bettie Branken
Mike en Margaret van der Riet

**Johnny en Margaret Randall**

Adriaan en El-Marie Erasmus
Ivan Randall
Lionel en Mynah Randall
Mariëtte van Rooyen
Jan en Daleen Viljoen
Ananda Olwagen



# Leed



Hennie Oosthuyzen was in die hospitaal vir derm operasie.
Lionel Randall was in die hospitaal vir niersteen operasie.
Philip Horn het ook ‘n draai in die hospitaal gemaak vir ‘n operasie.
Ans Opperman was vir ‘n katarak verwyderings operasie.
Ivan Randall het ook ‘n draai in die hospitaal gemaak.
Ilze-Marie Erasmus het met ‘n perd geval en haar been op 5 plekke gebreek. Was in die hospitaal vir ‘n operasie en sterk nou mooi aan tuis.

*Ons bid elkeen die genesing van ons Hemelse Vader toe (Red.)*

# Lief

Phillip Opperman gaan dit baie goed mee.
Jooste en Elize Potgieter het ‘n klein dogter ryker geword

*Ons is dankbaar vir die beterskap en baie geluk ouma en oupa (Red.)*



# Kampnuus

## Nasionale Vergadering Hartenbos

## 13 – 15 Oktober 2023



*Virgie en Johnny reg vir die vergadering*



*Margaret, Johnny, Virgie en Jackie opgetof vir die dinee*





*Margaret ontvang die trofee vir die beste Nuusbrief van Niel Goslett*

*Johnny ontvang 'n Nasionale toekenning van Niel Goslett*





*Margaret en Virgie*



*Johnny en Virgie*





*Die afgevaardigdes*



*Almal wat die vergadering bygewoon het*

# Kampnuus

## Bloekompoort

## 20 – 22 Oktober 2023

Vrydagaand is daar nes geskrop vir die wat laat ingekom het. Nadat ons heerlike hoender burgers geniet het Is daar boekevat en inbetaling gedoen en verder net lekker gekuier. So stil-stil het die mense weggeraak om te gaan inkruip want Virgie het gesê daar is die volgende dag groot kompetisie om hang bal te speel.

Saterdagoggend na 'n lekker nagrus is daar boekevat gehou en lekker saam ontbyt gemaak. Om 14h00 het die tyd aangebreek vir die kompetisie. Virgie daag op met 'n snaakse hout raamwerk en gholfballe wat aan 'n tou vasgemaak is en toe begin die groot kompetisie, daar was baie gelag en van die mense was baie ernstig maar ek dink almal het dit geniet.

Laat middag is die groot braai aangesteek en ons het lekker saam gebraai en gekuier. Die mense het nie laat gekuier nie want hulle was moeg na al die opwinding.
Sondagoggend na 'n heerlike ontbyt is daar Erediens en afsluiting gehou. Toe begin die onaangename taak om op te slaan en huiswaarts te keer.

Baie dankie vir almal se samewerking en bydrae tot 'n lekker naweek.

Virgie en Jackie





*Die lekker hoender burgers word bedien Vrydagaand*



*Jackie en Virgie besig met Saterdagoggend se ontbyt*



*Philip en Hettie ook besig met ontbyt*



*Johnny ook besig met hulle ontbyt*

*Hennie en Loret maak hulle ontbyt lekker onder hulle afdak*



*Lekker ou Braai vleisie vir Saterdagaand ete*





*Pieter en Bettie geniet hulle aandete Saterdagaand*



*Philip en Hettie Horn ontvang hulle 280ste Streeks Aansporings plaatjie van Virgie Lavos*

*Dāniel oortuig Loret dat sy wil 'n bietjie rooiwyn hê*





*Johnny en Margaret Randall ontvang hulle 170ste Streeks Aansporings plaatjie van Virgie Lavos*



*Jooste en Elize Potgieter ontvang hulle 30ste Streeks Aansporings plaatjie van Virgie Lavos*



*Dāniel en Paula van Deventer ontvang hulle 90ste Streeks Aansporings plaatjie van Virgie Lavos*





*Hennie en Loret Oosthuyzen ontvang ‘n Gebieds meriete toekenning van Virgie Lavos*



*Hennie Oosthuyzen ontvang ‘n Welkom by die Seniorburger plaatjie van Jooste Potgieter*



*Virgie en Jackie Lavos  ontvang hulle Kampkommandante en 260ste Streeks Aansporings Plaatjies van Johnny Randall*



# Kampnuus

## Bloekompoort Kerskamp

## 24  – 26 November 2023

Dit is weer tyd vir die kers kamp en die woonwa om gepak te word. Daar heers ‘n hittegolf al die hele week en toe ons by Bloekompoort aankom, gaap die kraaie al. Die oord is lekker vol van ander groepe wat ook kamp en almal boer in die swembad. Vrydagaand sit die kampkommandante hoender burgers voor en na ete kuier ons by die kamp vuur tot slaaptyd.

Saterdagoggend na boekevat maak ons ontbyt en die res van die oggend kuier ons in die koelte tot Virgie voorstel ons speel hang bal. Nie almal wou saam speel, maar die wat wel gespeel het, het dit baie geniet. Tot die kinders se groot vermaak is dit gou 3 uur en tyd vir Kersvader om te kom. Na al die geskenke uitgedeel is eet ons lekker koek wat deur Mariëtte voorgesit is. Chantel help ons om die saal op te maak en gou is ons klaar. Ons tema is “Bikers” en ‘n paar mense het soos regte “Bikers” gelyk. Na aand ete en al die verrigtinge kuier ‘n paar van ons om die vuur tot laat.

Sondagoggend geniet ons ‘n lekker ontbyt wat deur Hennie en sy span voorberei is. Die naweek word op gepaste wyse afgesluit met ‘n treffende “Bikers” erediens .

Te gou is die naweek verby en een vir een verlaat ons Bloekompoort.

Geseënde Kersfees en voorspoed vir 2024.

Kampkommandante



*Die manne sit in spanning reg om die hoender "patties" te begin gaar maak*



*'n Gesellige kuiertjie Vrydagaand onder die bome*



*Hoender burgers word bedien*






*Jooste en Elize reg vir boekevat*



*Phillip en Ans ook reg om te boekevat*



*Alex en Ansie ons gaste*





*Chris en Shirley ook gaste vir die naweek*



*TP, Mariëtte, CJ en Johnny ook reg vir boekevat*



*Luan, Stefan en Logan wag geduldig buite die sal vir Kersvader om te kom*



*Toe word die wag te lank*





*Stefan en Kervader*

*Logan en Kervader*





*Luan,Stefan, Logan en Elizabeth saam Kersvader*

*Virgie en Chantel reg vir Saterdagaand se dinee die tema was “Bikers”*







*Die Res van die “Bikers” wag geduldig buite die saal*



*Margaret, Chantel en Johnny*




Tyd vir “Spin the Ball” om jou geskenk vir die aand te kry Ans was eerste



Toe Martie

Bettie se beurt



Elma se beurt onder die wakende oog van Luan





*Chantel*



*Elize*

*Jackie se beurt*



*Ansie*





*Margaret*




*Chris se beurt*

*Mariëtte*



*Alex*





*Dāniel*

*Phillip*







*Pieter se beurt*

*Toe is dit oupa Dries se beurt en Laun help*





*Teo en Luan hou dop dat alles reg verloop*




*TP se beurt*

*Jooste*



*CJ*





*Laastens was dit Virgie se beurt*

*Jooste en Elize het baie moeite gedoen om by die tema te hou*








*"Cool Cats Lady Ride"*

*Elize se "Boots"*





*Dries en Martie  ontvang hulle Seniorburger* Kampkommandante en 290ste Streeks aansporings *plaatjie van Virgie*



*Virgie, Jackie, Johnny, Margaret en Mariëtte  ontvang hulle* Kampkommandante *plaatjie van Jooste*





*Dāniel en Paula  ontvang hulle 30ste* Kampkommandante *plaatjie van Virgie*



*Ans en Phillip  ontvang hulle 40ste* Kampkommandante *plaatjie van Virgie*




# Verjaarsdae

## Oktober

1 Oktober Phillip Opperman
4 Oktober Virgie Lavos
9 Oktober Maryke Viljoen
13 Oktober Dàniel van Deventer
14 Oktober Jan Viljoen
20 Oktober Dries Brandt

## November

30 November Elna Botes

## Desember

10 Desember Johnny Randall
17 Desember Jooste Potgieter

## Januarie

19 Januarie Ilona Dreyer
20 Januarie Philip Horn





# Huweliksherdenking

## Oktober

8 Oktober Hennie en Loret Oosthuyzen
11 Oktober Dàniel en Paula van Deventer
21 Oktober Dries en Martie Brandt

## November

26 November Phillip en Ans Opperman
29 November Johnny en Margaret Randall
30 November Div en Madelein De Villiers

## Desember

5 Desember Anton en Elna Botes
7 Desember Bertie en Wilma Herbst
13 Desember Rui en Annette Cajada
14 Desember Mike en Margaret van der Riet

## Januarie

5 Januarie Virgie en Jackie Lavos
11 Januarie Adriaan en El-Marie Erasmus

# Tiener Verjaarsdae




## November

20 November Diaan Erasmus
30 November Jeandre Olwagen

## Januarie

27 Januarie CJ van Rooyen



# Brag blad

**Rolbal nuus!**

Hennie en sy span het aan die Besigheids Liga van Heidelberg deelgeneem. Daar was 14 besighede verteenwoordig Hennie was kaptein van die DJ Motos span waarvan hulle 10 wedstryde gewen het en 1 gelykop gespeel het.



(*Baie geluk Hennie wat 'n prestasie - Red )*

# Jeug Brag blad



*Adriaan Brandt ontvang die volgende sertifikate tydens die Prysuitdeling: Revue deelname, Meriete Kleure vir Revue, 1ste Span Krieket deelname, Meriete Kleure vir Krieket, Atletiek deelname, Meriete Kleure D5 Atletiek, 1ste Span Rugby deelname, Leerlingraad, Goue Vossie Balkie*

*Anei Brandt ontvang die volgende sertifikate en trofee tydens die Prysuitdeling: Besondere Prestasie Akademie, Atletiek deelname, 2de Prestasiekleure Gauteng Atletiek, O/11A Netbal deelname, O/11 Hokkie deelname, Landloop deelname, 2de Merietekleure D5 Landloop deelname, Revue deelname, Merietekleure vir Revue, Sertifikaat van erkenning beste Spanvordering vir die jaar O/11 Hokkie. Sy ontvang n trofee vir Uitmuntende Prestasie in Sport*





# Jeug Brag blad



*Luan Billings ontvang die volgende sertifikate tydens die Prysuitdeling: Sertifikate vir Atletiek deelname, Rugby deelname en Krieket deelname*

*Logan Lavos ontvang die volgende. 5de op die Top Tien-gemiddeld 90.72%. Top Tien Balkie. Akademiese balkie vir persentasie bo 80%. Akademiese Erekleure.*



*(Baie geluk aan al die outjies, hulle ouers en groot ouer. Julle maak ons so trots - Red )*

# Jeug vermaak



## Kersfees Woordsoek

### Soek die woorde hieronder

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Q | C | Y | S | O | A | O | U | U | U | H | K | J | B | I | H | R | B | S | G |
| A | O | E | W | P | E | G | Z | F | R | J | D | B | Y | H | K | B | B | G | W |
| O | G | I | R | C | N | H | P | Z | S | K | R | F | V | R | K | A | S | I | G |
| Q | O | K | L | I | O | L | F | J | W | J | V | A | P | G | V | W | Q | U | Z |
| L | P | N | N | W | Y | S | E | O | E | Q | P | G | I | F | B | O | D | G | D |
| P | J | O | G | C | I | S | S | G | V | I | G | I | O | R | P | Z | P | D | B |
| U | K | D | G | N | U | X | O | B | R | G | H | O | U | F | A | Y | L | D | S |
| R | N | O | I | S | I | V | J | K | F | N | B | L | C | V | Q | M | M | M | I |
| G | Z | J | Y | M | U | I | V | Z | E | C | L | J | X | G | H | O | D | N | L |
| T | S | D | S | L | U | I | S | N | O | B | S | T | I | U | K | X | U | K | F |
| R | R | U | P | I | L | L | N | J | A | E | X | V | O | Z | G | L | X | S | C |
| S | K | T | G | I | E | A | B | P | K | V | O | T | N | P | C | K | H | T | T |
| C | R | M | R | Q | M | Z | M | B | I | F | F | D | K | H | R | G | B | L | B |
| W | M | E | R | X | Y | D | S | E | F | I | X | J | N | X | S | W | B | R | H |
| I | T | A | D | X | D | C | W | W | H | V | I | J | F | Q | D | H | Q | O | T |
| S | I | Q | T | R | L | Y | I | C | S | E | N | G | E | L | J | G | D | G | D |
| M | N | T | G | R | E | B | R | E | H | X | L | T | C | H | V | U | T | L | J |
| K | U | C | X | D | O | H | V | A | J | X | D | T | J | P | Y | V | T | B | T |
| F | A | L | R | X | C | C | O | S | P | I | K | P | E | W | C | V | Y | D | N |
| K | Y | W | J | E | T | U | V | G | N | V | E | I | Y | B | X | J | Z | J | C |

| | | |
|---|---|---|
| ENGEL | KONING | HERDERS |
| DONKIE | HERBERG | KRIP |
| JESUS | MARIA | STER |
| JOSEF | WYSE | MANNE |
| BETLEHEM | | |

(*Bron: https://algoagemeenskapskerk.com/2020/12/06/kersfees-aktiwiteite/*)



# Uit die Kombuis

## KOMKOMMER EN SPANSPEK SLAAI




*1 spanspek, in blokkies gesny*

*200 g baba-tamaties, gehalveer*

*1 groot komkommer, met 'n skiller in linte gesny*

*15 ml (1 e) vars pietersielie, gekap*

*15 ml (1 e) vars grasuie, gekap*

*15 ml (1 e) vars kruisement, gekap*

## SOUS

60 ml (¼ k) witwyn-asyn

60 ml (¼ k) olyfolie

15 ml (1 e) strooisuiker

sout en vars gemaalde swartpeper

## Slaai

Meng die spanspek, tamaties en komkommer in 'n groot slaaibak.
Strooi die vars kruie oor en meng die slaai goed.

## Sous

Klits die sousbestanddele en giet dit oor die slaai.
Verkoel die slaai vir 'n uur of langer voor jy dit opdien.
Sit dit voor saam met hoender, vleis of vis.

Plasing: Henriette Wessels / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK
*(Bron http://www.watertandresepteviroudenjonk.com/slaaie)*



# Uit die Natuur

## Swartmamba



'n Swartmamba op verdediging.

*Die **Swartmamba** (Dendroaspis polylepis) is 'n uiters giftige slang wat inheems is aan dele van Suid Afrika.*

### *Voorkoms*

Die slang is olyfgroen of grys met 'n liggroen pens met donker kolle. Jong slange is ligter van kleur as volwasse slange. Die slang maak sy kop bak wanneer dit bedreig word. Die slang word 2,5 - 4,5 m lank. Anders as wat sy naam aandui, is die swartmamba nooit heeltemal

swart nie: sy kleur wissel van olyfgroen tot donkerbruin aan die bokant en gryserig op die pens. Sy bek is egter altyd pikswart binne-in.

Hierdie mamba is een van die grootste giftige stange van Afrika en ook die mees gevreesde. Hy word gemiddeld sowat 3 m lank, maar slange van tot 4,3 m is al teëgekom. Sy byt is feitlik altyd dodelik as dit nie onmiddellik behandel word nie. 'n Volwasse swartmamba het 'n minimum kapasiteit van 20 druppels gif per giftand, waarvan 2 druppels reeds 'n dodelike dosis vir die mens is.

## *Gedrag*

Sy veglustigheid en aggressiwiteit word dikwels oordryf, maar as hy gekonfronteer word, val hy gewoonlik aan, veral tydens paartyd. Hy kan byna die helfte van sy voorlyf oplig en pik blitsvinnig. Aanvalle word dikwels deur 'n gesis voorafgegaan. In Suid-Afrika word die swartmamba hoofsaaklik in die Laeveld gebiede van Mpumalanga, bosveld van Limpopo en Gauteng en in KwaZulu-Natal aangetref en leef hy in verlate erdvarkgate, termiet hope en tussen die klippe op koppies.

Sy verblyfplek is min of meer permanent. Hy is baie rats en is ewe tuis op die grond as in bome. Die prooi bestaan hoofsaaklik uit voëls en klein soogdiere soos knaagdiere en dassies. Hy vreet ook ander slange, soos Kobra's en Pofadders.

## *Voortplanting*

Tussen 12 en 14 eiers word in die somer gelê. Die kleintjies is sowat 50 cm lank wanneer hulle uitbroei en kan reeds 'n klein prooi vang wanneer hulle slegs enkele ure oud is.



## *Gif*

Die gif is senuvergiftigend. Die slang pik 'n paar keer na mekaar en die gif werk vinnig. Onmiddellike behandeling is nodig anders sterf die slagoffer weens verlamming en versmoring. 'n Teengif is beskikbaar.

## *Algemeen*

Die **Swartmamba** is een van die dodelikste slange in die wêreld en is die langste giftige slang in Afrika. Indien 'n swartmamba teëgekom word moet daar stadig en versigtig agteruit beweeg word. Skielike beweging sal die slang vinnig en baie kere laat pik. Die slang kan teen 'n spoed van 20 km/h voortbeweeg.




(*Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/Swartmamba)*

# Smous hoekie

Wil jy braai vanaand, maar jou houtskool of vuuraanstekers is op?
Skakel vir Dries Brandt by telefoon nommer 011 814 6394 of 083 234 9563.
Hy verkoop ook potjieprutters en potjiedekselstaanders.

-------------------------

**Tyd om u woonwa te Diens ons is die antwoord met goeie diens en kwaliteit werk. Geen werkie te klein of te groot. Van ruil van wiellaers, vervang van remskoene tot herstel van houtvrot tot vesselglas. Ons bied ook die diens van diep skoonmaak "Valet" van woonwaens binne en buite as ook gewone was en poets. Ons kan u woonwa kom haal en ook af lewer as deel van ons diens. Gee u woonwa 'n nuwe lewe deur van ons dienste gebruik te maak. Bel vir John Randall by 0845808729**

*As jy wil adverteer in die smoushoekie of enige nuus wil deel, stuur gerus 'n e-pos vir my by* mags.randall@yahoo.com





Die Suikerbekkie word uitgegee deur die Suikerbosrand streek van SAWA. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensies impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van SAWA is nie.

Besoek gerus SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA: http://www.sawa.org.za



# Jaarprogram 2024



| Maand | Datum | Plek | Kamp Kommandante |
|---|---|---|---|
| Januarie | 24 - 25 Snrb | Bloekompoort | |
| | 26 - 28 | Bloekompoort | Johnny & Margaret |
| Februarie | 23- 25 | Sionbergh | Gebied |
| Maart | 28- 31 | Klipdraai | Presidente |
| April | 12 - 14 | Bush Inn | Virgie & Jackie |
| Mei | 1 - 2 Snrb | Bloekompoort | Doedies |
| | 3 - 5 | Bloekompoort | |
| Junie | Geen | | |
| Julie | Geen | | |
| Augustus | 21 - 22 Snrb | Bloekompoort | |
| | 23 - 25 | Bloekompoort | Bestuur |
| September | 8 - 14 Snrb | Bloekompoort | |
| September | 20 - 24 | Nasionaal | |
| Oktober | 23 - 24 Snrb | Bloekompoort | |
| | 25 – 27 | Bloekompoort | Jooste & Elize |
| November | 20 - 21 Snrb | Bloekompoort | |
| | 22 – 24 | Bloekompoort | Jeug |

Dynamic Signs & Print cc

# 011 811 5477

dsp.print@gmail.com

www.dspdotprint.co.za

www.facebook.com/dsp.print

## Copy Centre

High Volume Copying
Laminating & Encapsulation
Stamps & Frames
Binding - Ring, Wire,
Punch & Perfect

## Silk Screening

ABS, Correx & Chromodek
Licence Discs,
Stickers & Labels
Shirts, Overalls,
Bags & Caps

## Printing

Graphic Design
Flyers & Business Cards
Letterheads, Comp-slips,
Books, Invitations,
Stickers & Labels

## Signage

Correx & Chromodek
Vehicle Signage,
Vehicle Wraps
Shopfronts & Light Boxes

## Digital Printing

Posters, Banners, Canvas
Pull-Up Banners

## Other

Sandblasting &
Lazer Engraving



# 60 YEARS OF SERVICE TO THE CAMPING COMMUNITY





CAMPWORLD

## Clarendon Campworld cc
## Springs

JURGENS SAFARI Gypsey Sprite

Clarendon Caravans & Camping (Pty) Ltd, 49 Geduld Rd, Geduld Ext. Springs
Tel: 011 811 9900/1/2, Fax: 011 811 3270, P.O.Box 15575, Riverfield, 1564
Co Reg. no. 1968/03646/07 Director: Gert Scheepers - 082 820 8400

**Sales: Johan Viljoen 073 788 4358**